



NG KERK RANDBURG

”HUISKERK”

- Vir almal wat agv COVID 19 tuis bly -

22 Maart – 1 Samuel 16 : 1-13

- **Dit is Lydenstyd. Week 4.** Ons is by die halfpadmerk van die Lydenstyd-reis waartydens ons oor Jesus se lyding dink. En ons ervaar die afgelope week of twee 'n eie vorm van lyding met die vreemde Corona virus wat ons elkeen se vyand geword het. Kom ons deel vanmôre met mekaar ons vrese ...
- Kom ons bid die volgende **belydenis** saam ... ons kan dit wissel tussen mekaar:
God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo.
Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.
Deur Hom het ons in die geloof vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.
En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlijkheid van God.
Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding ...
... **en volharding kweek egtheid van geloof** ...
... *en egtheid van geloof kweek hoop* ...
... **en dié hoop beskaam nie, want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees**
- Luister nou na 'n paar **lofliedere** – en sing sommer saam: <https://youtu.be/qGJV1K1JaTA>
- Ons lees die **Woord** saam met al die ander lidmate van die gemeente in **1 Samuel 16 : 1-13**
- Dit is seker 'n baie vreemde teks vir Lydenstyd en die Corona pandemie ... tog vol van God se manier van werk met mense in die wêreld ... maar kom ons dink – en praat oor 'n paar waarhede ...
 - ♥ Dié verhaal beklemtoon dat die Here nie toegelaat het dat die koninkryk van Israel saam met die eerste, mislukte koning daarvan, tot 'n val sou kom nie. Die Here bly steeds aktief betrokke by Sy volk ... Hy wat sien, stuur, kies en laat salf.
 - ♥ God werk met gewone mense in moeilike tyd ... om buitengewone dinge te doen ... soos Hy mense met Jesus ook verbaas het ... gewone skrynwerker, 'n tipiese inwoner van 'n systraat in Nasaret. Hoe kan Hy die Seun van God wees?"
 - ♥ Geloof ... as lewe anders loop en beheer verloor ... as vrese fokus laat verloor ... as massa-histerie ons liefdeshart in selfsug toesluit ... as ons meer onsekerheid as oplossings het ... al twyfelend vas te hou aan een sekerheid ... ook as ek die virus kry ... in Sy hande ...
 - ♥ Kom sê as Christus-gelowige in Corona-tyd ja vir aanhou liefhê en dien ... vir geloof in God wie se liefde nooit van jou kan weg wees nie ... God wil baie besig met jou hart wees in hierdie tyd ... want dit is waaroor Hy bekommerd is en nie of Hy jou teen die virus moet beskerm nie
 - ♥ Hy wil my iemand van nuwe waarde maak ... saam met Dawid met Sy teenwoordigheid 'n draer van hoop en krag en vrede sal wees ... Jesus-waardes te leef ... as gewone mens met opregte hart ... die grootste toets van hierdie tyd gaan oor die **egte liefde** - nie oor die **regte leer** nie ... na sulke mense wat God soek! Mense wat loshande aan God vashou.

- Hierdie storie van God se werk vra ... dink jy oor jouself as mens van wie dit onwaarskynlik is om ander se hartseer nou in vreugde te verander? Dan is dit dalk juis nou die tyd om die Here te vertrou om onverwagte dinge deur Sy onwaarskynlike volgelinge soos jy te laat gebeur.
 - Kyk na een van die volgende **video's** om die waarheid te begryp ... *jy is vir God goed genoeg*
 - <https://youtu.be/W07P3i5Yaak>
 - <https://youtu.be/UjJALzZ24H0>
- **Kleiner kinders:** Daar is op die afkondigings (ngrandburg.org/weekprogram/) onder TUISGESPREEK ook 'n aktiwiteit wat met kleiner kinders gedoen kan word om iets te verstaan van God wat anders na mense kyk ...
- **Doen iets:** Raak nou bewus van baie gewone mense in die klein stukkie wêreld waarin jy leef ... hoe gaan jy in tyd van beperkte beweging en kontak in iemand iets onwaarskynlik doen ... wat sal getuig van God wat gewone mense groot dinge laat doen? Dink maar aan al die name op die afkondigings ... en besluit saam as gesin om iets vir iemand in hierdie onseker tyd te doen!
- **Gebedetyd** ... kyk eers saam na die 2 prentjies ... en bid dan die gebed saam ...



U wysheid is groter as ons wysheid.

Leer ons na mense en veral na onself kyk soos U na ons kyk.

Ons wil graag jubel in swaarkry, soos u Woord ons leer.

Daarom reik ons nou uit na hierdie wysheid van u Gees wat gesê het:

“Swaarkry kweek die vermoë om uit te hou;

uithou vermoë kweek weer 'n deurwinterde geloof,

en so 'n geloof kweek hoop.”

Heers dan met gesag in ons, o Gees,

sodat ons vaster staan in vertroue

dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog magteloos was !

- **Slotlied:** Luister en sing saam: <https://www.youtube.com/watch?v=y3NmfmVGblw>
- **Afkondigings:**
 - Die gesin kan met **SnapScan** (gogga op afkondigings) of EFT 'n dankoffer vir die “huiskerk” gee ... indien dit moontlik is.
 - Die versorging van ons lidmate gaan voort. Kontak ds Servaas asseblief ingeval van nood.
 - Die reëlins vir Sondag 29 Maart mag verander as gevolg van die situasie in die land.